



## Die NHKA lewer kommentaar op die huwelikwetsontwerp

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na [bladuitleg@nhk.co.za](mailto:bladuitleg@nhk.co.za) of [grafies@nhk.co.za](mailto:grafies@nhk.co.za) en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za)

Webblad van die Hervormde Kerk [www.nhka.org](http://www.nhka.org)

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Nadat advies van die Komitee vir Kerk en Owerheid oorweeg is, het die Kommissie van die AKV pas namens die NHKA kommentaar op die veelbesproke huwelikwetsontwerp ingedien.**

Die wetsontwerp konsolideer die gefragmenteerde wetgewing wat oor die jare ontstaan het, naamlik die Huwelikswet (Wet 25 van 1961), die Wet op Erkenning van Gebruiklike Huwelike (Wet 120 van 1998) en die Wet op Burgerlike Verbintenisse (Wet 17 van 2006). Indien die wetsontwerp aanvaar word, sal daar slegs een wet wees wat alle amptelike verbintenisse reël. Daar behoort dus nie meer verwarring en, les bes, ongelykheid en diskriminasie te wees nie.

Dit is belangrik om 'n onderskeid te tref tussen die religieuse en wetgewende terreine. Daar word nie van die (godsdienst-neutrale) staat verwag om deur wetgewing sekere kerke of gelowe te bevoordeel nie – en kerke en ander geloofsgemeenskappe se sienings behoort ewe-eens nie voorskriftelik vir die staat te wees nie. Kerke kan natuurlik wel daarop aandring dat hul grondwetlike regte en vryhede beskerm word en hul leerstellings en praktyke nie deur wetgewing gekniehalter word nie. Huwelikswetgewing moet derhalwe so inklusief moontlik wees, sodat die NHKA, en alle ander kerke, godsdienste, kulture, ensovoorts, hul sienings en gebruike kan handhaaf sonder onbehoorlike inmenging deur die owerheid. Die wetsontwerp slaag bevredigend daarin om akkommoderend te wees, gegewe die eise van 'n diverse samelewing.

Die NHKA is reeds vanaf 'n vroeë stadium betrokke by die ontwikkeling van die wetgewing – en het ook ruim erkenning ontvang vir die insette wat gelewer is. Dit kan onder andere gesien word in die Kerk se advies dat die minimum ouderdom om in 'n huwelik te kan tree op 18 vasgestel word. Die beskerming van kwesbare persone soos kinders is immers 'n saak waarby die Kerk 'n bewese belang het. Die bestaande Huwelikswet maak voorsiening vir toetrede tot 'n huwelik van kinders so jonk as 15 jaar – en vir meisies selfs jonger!

Daar is ook weggedoen met sekere uitgediende formaliteite, en huwelike sal gevolglik in die toekoms volgens die bewoording, praktyk en plek van keuse van die betrokke huweliksbevestigter bevestig kan word. Menige predikant het byvoorbeeld al gestoei om min of meer die wetlike voorskrifte van die huidige Huwelikswet na te kom, veral wat tuin-, bos- en strandtroues aanbetref. Gewaande tegniese gebreke het al vir baie opportuniste die deur op 'n skrefie oopgemaak om te poog om hul huwelike ongeldig te laat verklaar – al het die howe jare gelede reeds 'n stokkie daarvoor gestee.

Alle huwelike wat bevestig is kragtens vorige wetgewing, behou onveranderd dieselfde status. Ingevolge die wetsontwerp sal alle huidige huweliksbevestigters outomaties die reg verkry om huwelike kragtens die nuwe wetgewing te bevestig. Dit sluit ook die reg in om hul diskresie te gebruik rakende eie gebruike tydens die bevestiging – en natuurlik ook die keuse om 'n spesifieke huwelik enigsins te bevestig of nie. Om die diverse aantal kulture, gelowe en gebruike te akkommodeer, maak die wetsontwerp hiervoor voorsiening. Ons beveel wel aan dat dit ter wille van regsekerheid duideliker verwoord word.

(Lees verder op bladsy 2)

Die uitdagings van predikante van die NHKA as huweliksbevestigers word ook in die kommentaar hanteer. Predikante se frustrasies tydens besoeke aan kantore van die Departement van Binnelandse Sake (DBS) om huwelike te registreer, sluit in: Verdragings weens lang rye, stelselprobleme en beurtkrag, asook die inkonsekwente toepassing van reëls en regulasies, sowel as die gebrekkige opdatering van die rekords met betrekking tot die huwelikstatus van geskeide persone. 'n Ander bron van frustrasie is die rompslomp wanneer 'n predikant 'n beroep aanvaar en hul lêer oorgeplaas moet word na 'n ander DBS-kantoor.

Aangesien predikante kragtens die wetsontwerp as huweliksbevestigers aangestel word, beveel ons aan dat die wetsontwerp hierdie amptelike regstatus as openbare funksionariesse behoorlik omskryf en dat dit deur elke DBS-kantoor in ag geneem moet word.

Die voorgestelde wetgewing is 'n voortgaande proses en in die belang van die breë gemeenskap behoort dit nie inderhaas afgerammel te word nie. Daar is foute, weglatings, teenstrydighede en lomp formuleringe wat aandag moet geniet. Die NHKA het volledig hierop kommentaar gelewer. Die Kerk behoort by elke fase betrokke te wees om toe te sien dat lidmate se regte en vryhede beskerm word en die huwelik die nodige agting geniet.

Die wetsontwerp kan [hier](#) gelees word, en die NHKA se kommentaar [hier](#).

**Dr (adv) Johan van Staden**  
**Sameroeper: Komitee vir Kerk en Owerheid**

## Lief en leed



Ds Antonie van Staden


- **Ds AV (Antonie) van Staden** (52), nie-diensdoende predikant, is Dinsdagoggend 29 Augustus tuis aan 'n hartaanval oorlede. Hy laat sy vrou Gretha, tweelingseuns Jaco en Hardus (20) op universiteit en Soltech, en 'n dogter, Ester (12) in graad 6, agter. Hoewel hy voltyds by ZZ2 gewerk het, het hy elke Sondag in Louis Trichardt gepreek. Hy sal veras word, en sy troosdiens sal Dinsdag 5 September om 11:00 by Welgelegen-Pietersburg gehou word. Ds Henk Joubert sal die diens lei. Ons innige simpatie gaan aan sy gesin en naasbestaandes.



Ds Klaas Koning

- **Ds Klaas Koning** (74), voormalige predikant van die NHKA, is Woensdagoggend 23 Augustus oorlede, nadat hy hartprobleme ondervind het en 'n beroerte gehad het. Ons innige simpatie gaan aan sy geliefdes.

- Op die foto hiernaas is **dr Willie en Erika Strydom** (Eikenhof) **se dogter** saam met haar man en seuns, van links na regs Johann, Divan, Ruben en Tanya de Bruin. Tanya is skriba van Eikenhof. Uiteindelik saam tuis! Ruben is op 10 Augustus (en nie soos ons voorheen berig het op 8 Augustus nie) gebore op 35 weke, en na ses dae ontslaan uit die neonatale intensiewesorgeenheid. Nou kan Tanya se kankerbehandeling voortgaan. Dit gaan baie goed met almal. Ons is saam met die ouers en grootouers dankbaar!



Prof Pierre Jordaan

- **Prof Pierre Jordaan** (64 op 1 September) van Gemeente Wonderfontein en die NWU, is onlangs verkies tot president van die LXXSA (The Septuagint Society of South Africa). Hy volg prof Johann Cook van die Universiteit van Stellenbosch op. Die LXXSA is 'n internasionale vereniging wat jaarliks konferensies hou. Verskeie LXXSA-kongresse se lesings is al gepubliseer deur onder andere Brill, DeGruyter, Routledge en die SBL Septuaginta-reeks. Die LXXSA het verskeie samewerkingsooreenkomste met oorsese organisasies soos die HSASG (Hungarian South African Study Group) en die Universiteit van Rostock. Ander lede wat verkies is, is prof Chris de Wet (Unisa) as vise-president; dr Annette Potgieter (UP) as sekretaris; en prof Gert Steyn (Ewersbach) as addisionele lid. Prof Jordaan is 'n vertaler van sekere Deuterokanonieke boeke van die 2020 Afrikaanse Bybelvertaling en het as promotor opgetree vir verskeie doktorsale kandidate op hierdie boeke. Hy sien sy presidentskap as 'n groot uitdaging op verskeie vlakke, en wil internasionale samewerking verder uitbrei en meer jong lede vir die LXXSA werf.

• **Die volgende predikante verjaar tot 8 September, en word hartlik geluk gewens:**

- Donderdag 31 Augustus: Ds J (Juan) de Beer (30) (Parys)
- Vrydag 1 September: Prof PJ (Pierre) Jordaan (64) (Wonderfontein) en ds WRT (Tertius) Hindley (66) (emeritus)
- Sondag 3 September: Ds JM (Marthinus) van Staden (48) (Klerksdorp-Doringkruin)
- Woensdag 6 September: Ds P (Paul) Buitendag (66) (emeritus)
- Donderdag 7 September: Ds DJB (Bouwer) Serfontein (65) (Vereeniging)
- Vrydag 8 September: Dr WJ (Cobus) Jansen van Nieuwenhuizen (53) (Hartebeeshoek) en ds M (Manda) le Roux (56) (Weskus)

## Gemeentes en bediening



Ds Petri de Kock

- **Ds P (Petri) de Kock** (emeritus) het die beroep na Gobabis (deelyds) aanvaar. Hy sal daar bevestig word sodra sy werkpermit goedgekeur is.
- **Ds Fanie Naudé** (emeritus/**Greylingstad**) berig soos volg: “Ons gemeente het meegedoen aan die viering van die Bybel in ons moedertaal sedert 1933. Oor vier Sondae het die prediking gehandel oor *Die Boodskap van die Bybel* volgens die indeling van die Heidelbergse Kategismus: Sonde; Verlossing; en Blye Dankbaarheid. Met die vierde Sondag het ons Nagmaal gevier en ’n Bybeluitstalling gehou. Op die tafel voor my was daar die vertalings van 1933, 1953, 1983, en die nuutste, die 2020-vertaling – almal oop by Psalm 23. Die lidmate het goed meegedoen met hul besondere Bybels, onder andere ’n Familiebybel en die ou Nederlandse Statebybel wat ook die belydenisskrifte, formuliere en die Psalms en Gesange van daardie tyd bevat. Laasgenoemde is tans in die besit van die Els-familie. Dié Bybel is sowat 200 jaar oud.”
- Op **Sondag 10 September** vanaf 09:00 vier **Gemeente Witfontein haar 60ste bestaansjaar** tydens die **erediens** waarin al die eer aan die Here gebring sal word vir genade op genade wat in die gemeente beleef is. Witfontein nooi van harte almal wat in die 60 jaar deel gehad het aan hierdie gemeente of ’n noue pad met die gemeente gestap het, om saam met ons dié dankbare mylpaal te kom vier. Op **Saterdag 16 September** vanaf 18:00 vier ons die gemeente se “verjaardag” met ’n Bring-en-braai & Pizza-aand by Witfontein. Bring jou eie vleis, drinkgoed, eetgerei, pizzabasis en bestanddele. Vure en pizza-oonde sal reg wees saam met ’n kuier wat die Here se genade luisterryk vier.



- Die **SP Engelbrecht-museum** nooi almal uit vir ’n besoek. Dis ’n lekker uitstappie vir kategesegroepe, belydenisklasse, NHSV groepe, senior lidmate, gesinne, nie-Hervormers ook, en enige ander belangstellendes. Moedig asseblief mense aan om die Museum te besoek. Bring eetgoed en kom hou piekniek. Hier kan jy voorwerpe sien uit die geskiedenis van ons Kerk en van ons kerkmense. R40 per persoon sluit ’n ou wêreld oop. Bespreek vooraf by Carel Johann de Bruin, by 082 733 3951. [Die Museum is afhanklik van besoekersinkomste en donasies – skenkings of erflatings. Donasies is aftrekbaar van belasting.]
- **Werkruimte vir deelydse bediening: Gemeentes Otjiwarongo/Outjo-kombinasie.** Die kombinasie Otjiwarongo/Outjo in Namibië beskik oor ’n vakante werkruimte vir ’n deelydse predikant. Unieke wetlike voorskrifte oor werkpermitte deur die Namibiese regering beperk die opsies wat die gemeentes kan uitoefen vir die bediening. In die lig daarvan is die ideale kandidaat vir die deelydse pos ’n geëmeriteerde predikant in die ouderdomsgroep 65 tot 68 jaar wat nog die energie en inisiatief het vir gemeentewerk vir ’n periode van twee tot vyf jaar. Die kombinasie sal aansoek doen vir ’n tydelike werkpermit vir twee jaar, wat herhaal sal word indien die persoon vir langer kan of wil bly. Die vergoedingspakket sluit in: ’n gemeubileerde pastorie in Otjiwarongo; ’n gemeentemotor plus brandstof; en ’n kontantvergoeding per maand. Skakel ds Barrie Oberholzer by +264811487465 vir verdere inligting en administratiewe reëlings soos vir ’n mediese fonds.



## Vergaderings

- Saterdag 2 September: Kommissie van die ADV
- Donderdag 7 September: Kommissie van die AKV
- Vrydag 8 September: Kommissie van die AKV

## 'n Gedig

### In die begin

In die begin was ek gedagte  
in die gestringde stergeheue van God.  
In die begin was ek gedagte.

Die gedagte het woord begin vorm,  
mikroskopies in my moeder se skoot.  
Die gedagte het woord begin vorm.

Die woord het inderdaad mens geword,  
vlees, bloed en sening soos die seun van God.  
Die woord het inderdaad mens geword.

Nou word ek weer verse en woord.  
En die woord word weer stof van gedagte.  
Nou word ek weer verse en woord.

Die gedagte keer t'rug na sy oord.  
Wat begin was, word einde en einde begin.  
Die gedagte keer t'rug na sy oord.

### IL de Villiers

(Uit: *Vervreemdeling*, 2008)

## Toerusting

- Ouderlinge kan gerus die **Hervormde Teologiese Kollege (HTK) se webtuiste** besoek. Gaan na <https://hervormdeteologie.co.za/ouderlinge/> vir inligting oor **gevorderde toerusting vir ouderlinge**. Tans verskyn daar reeds YouTube-skakels, PowerPoint-aanbiedings en Word-dokumente van Module I – *Die fasilitering van 'n erediens (ds Hannes van der Merwe)*; Module II – *Hoe berei predikante preke voor (dr Gerhard Nel)*; en Module III – *Die aanbied van 'n preek (prof Yolanda Dreyer)*. **Prof Stephan de Beer** se aanbieding van 29 Mei, *Hoe om jou gemeenskap beter te verstaan*, is ook daar beskikbaar. Laasgenoemde kan ook direk by <https://youtu.be/TnQNNDxzmP4> afgelaai word. Module II – *Die kuns van goeie gesprekvoering (dr Johan Bester)* is beskikbaar by <https://youtu.be/VfUgoBXodwA>, *Hoe om lidmate in tye van krisis te begelei (dr Annelie Botha)* by <https://youtu.be/dUJ9kXs4Tvw>, en *Siekebesoek en sterwensbegeleiding (dr Annelie Botha)* by <https://youtu.be/AcAQ3DrH7yw>.
- **Excelsus Lentekonferensie: Lente in Bediening en Teologie 19-21 September 2023**  
*As it is in heaven*: Kerkwees hier en nou  
By Universiteitsoord en UP  
30 VBO-punte  
Foi: R1 380  
Emeriti en studente R690  
[excelsus@up.ac.za](mailto:excelsus@up.ac.za)  
[www.excelsus.org.za](http://www.excelsus.org.za)  
(Die Lentekonferensie is deel van Excelsus se program vir Voortgesette Bedieningsontwikkeling – VBO – en word in samewerking met die Hervormde Teologiese Kollege en die VBO-Forum van die NG Kerk aangebied.)

## Fondsinsamelings

- Op **Saterdag 2 September** word daar **gedelf op soek na R36 000 se kontant**, terwyl daar gesmul gaan word aan 'n Pelgrimsontbyt, die Koekfabriek, Lekkerbekpoeding, kultuurplesier, pannekoekflippers, die Kerrie-en-rys-shack, boepensbroodjies, pap-&-kaiings, sosatiebroodjies, prego-rolle, 'n koffiekroeg, 'n snoepie, en groente vir Afrika. Die kinders kan kom baljaar in die pretpark – daar is treintjeritte, muurklim, *go-carts* en baie vermaak. Daar is ook *Preloved Toy Heaven*, Tombola en Heelyd-speelyd-kinderhoekie-vermaak. Hierdie is die kuiergeleentheid van die jaar by NHKA Witfontein te Stasiestraat 750, Pretoria-Noord. Delwersertifikate kan aangekoop word @ R25 stuk by [www.nhkwitfontein.co.za](http://www.nhkwitfontein.co.za). Sien jou daar!

**DONKEY GONG BAZAAR**

COME JOIN US ON:  
**02 SEP '23 09:00**  
FOR A DAY OF FUN FOR EVERYONE

**VENUE : MAFIKENG RUGBY CLUB**

- FOOD AND DRINKS
- SLIDES FOR THE KIDS
- BEER TENT
- FLEA MARKET
- MUSIC AND MUCH MORE!

SCAN TO ENTER

COMPETITION  
PREDICT THE DONKEYS LOCATION AND WIN

- 1ST PRIZE - R10,000
- 2ND PRIZE - R5,000
- 3RD PRIZE - R2,000

ONLY R100 PER PLOT

Made with PosterMyWall.com

- Gemeente Philadelphia se Delphi Fees** vind plaas op **Saterdag 9 September**. Dit neem die vorm aan van 'n **musiek-, eet- en dansfees** en sluit ook 'n **kort veiling** in. **Kaartjies se pryse:** R250 vir volwassenes; R200 vir studente; R100 vir hoërskoolkinders; en R50 vir laerskoolkinders. Die kaartjies se prys sluit alle aktiwiteite in – die kunstenaars, 'n Duitse ete met slaai en nagereg, en 4 gratis drankies vir elke kaartjiehouer. Daar word voorsiening gemaak vir 'n dansbaan, vertoning in die kerk van *Webber and Rice and all things Nice*, vooraf-kunstenaars en die hoofoptrede by die dansbaan deur Vending Machine. Belangstellendes kan 'n e-pos stuur na [nhkphiladelphia@gmail.com](mailto:nhkphiladelphia@gmail.com), of skakel ds Martin Slabbert by 082 655 4787 of dr Sanrie de Beer by 083 226 1866.
- Alphonso se monsteruitdaging:** Die **Munga** is een van die heel moeilikste ultramaratons vir bergfietsers in die wêreld. Die deelnemers moet meer as 1 100 km tussen Bloemfontein en Wellington binne 5 dae aflê. Daar is 5 wedendorpe en 10 waterpunte langs die roete waar die ryers voorrade kan aanvul, maar weens die geweldige afstand en uitmergelende Karoolandskap is al die ryers tot 'n hoë mate op hulself aangewese. Die wedren stel ontsaglike fisiese en geestelike eise aan die ryer en net die taaiste ryers voltooi die wedren.

Dis amper soos die monsters wat maatskaplike dienste in ons land elke dag te bowe moet kom. **Rata Maatskaplike Dienste MSW** bestaan al 75 jaar lank, maar met die verswakking van die ekonomiese toestand in die land en die bedreiging van krimpemde staatsubsidies, word hul monsters al hoe groter. Rata fokus op die beskerming van verwaarloosde, mishandelde en seksueel gemolesteerde kinders – kinders wat elke dag met hul eie monsters worstel. Oor die afgelope jaar alleen het Rata se 40 maatskaplike werkers meer as 40 000 individue bereik, aan amper 20 000 mense materiële hulp voorsien, en aan omtrent 1 500 kinders pleegsorgdienste gelewer. Terwyl dit ongeveer R10 000 per kind kos vir die proses van beveiliging, ondersoek, assessering, terapie, en hofverslae om 'n kind uit monsteromstandighede te haal en in pleegsorg te plaas.

**Alphonso Theron** het besluit om hierdie twee monsters aan te durf. Hy is 61 jaar oud en ry al 22 jaar lank fiets. Hy het die Cape Town Cycle Tour (vroeër die Cape Argus-wedren) al 18 keer gery, die 947 Ride Joburg 10 keer, en ook verskeie ander padfietswedrenne. Maar nou het hy besluit om die grootste monster van 'n uitdaging aan te durf: die Munga! **Hy wil die Munga voltooi – vir Rata en die kinders wat so dapper teen hul monsters stry!**



Om die monster van Rata se tekort aan inkomste te tem, wil Alphonso R1 000 000 insamel – 1 000 persone of instansies wat elk R1 000 skenk.

Dís Alphonso en Rata se monsteruitdaging aan jou: Wees één uit 'n duisend! Delf diep in jou sakke, dra by tot iets groots. Doen dit nou! <https://rata.org.za/alphonso-se-monsteruitdaging/>

### **Elektroniese betalings**

Rata Maatskaplike Dienste MSW

ABSA tjekrekeningnommer: 020 600 209

Takkode: 632005

Verwysing: MUNGA + Naam

- Daar is 'n **geleentheid vir 'n gemeente of individu** om by die **Centurion Boeremark op Saterdag** pannekoek en/of *jaffles* te verkoop. 'n Stalletjie kos R250 per Saterdag. Deposito R250 eenmalig en sertifikaat van Tshwane vir kosverkope eenmalig R920. Kontak Christo Potgieter by 072 737 3644.
- **Oornagfasiliteite: Seniordal.** Seniordal beskik oor oornagfasiliteite vir persone wat vergaderings of kongresse moet bywoon, of wat dokters moet besoek, of verblyf benodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parking en 24-uur-sekuriteit. **Vir navrae oor tariewe en vir besprekings**, kontak Salomie Stolz gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318, of na ure by 083 308 0520.

## **Barmhartigheid**

- **Belfast Rusoord** bied onder meer 24-uur mediese versorging, CCTV, 24-uur-toegangsbeheer, drie gebalanseerde maaltye per dag, en aktiwiteite vir elkeen. Daar is fasiliteite vir semiversorging, verswakte bejaardes, en woonstelle vir selfversorging. Kontak Riana de Villiers by 013 253 31211 / 063 663 7449 / [manager@belfastrusoord.co.za](mailto:manager@belfastrusoord.co.za) vir meer inligting en tariewe.
- **Athalia Uitrek in Bloemfontein** bied verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede. Daar is enkel- en deerkamergeriewe in 'n huislike atmosfeer, verblyf met drie etes ingesluit, verblyf sonder versorging, en 24-uur-versorging. Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089 / [navrae@athalia.co.za](mailto:navrae@athalia.co.za) / [www.athalia.co.za](http://www.athalia.co.za).
- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met twee etes per dag teen R3 850 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.
- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.
- **Seniordal-aftreeoord** is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuur aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in die veilige omgewing van Rietondale in Pretoria. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:

Enkelwoonstel (*bachelor*): R495 000

Eenslaapkamer: R515 000

1½-slaapkamer: R520 000

Tweeslaapkamer: R560 000

**Tans is daar ook 'n enkelwoonstel (*bachelor*) te huur** vanaf 1 Oktober 2023, teen R5300 per maand. Kontak Salomie Stolz by 012 329 4313 of 083 308 0520 (08:00-12:00) vir meer inligting.

## Studentesake

- **Studentebehuising. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmensewoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur 'n e-pos na [stellenbosch@nhk.co.za](mailto:stellenbosch@nhk.co.za) vir meer inligting.
- **Studentebehuising. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur 'n e-pos na [nhkphiladelphia@gmail.com](mailto:nhkphiladelphia@gmail.com) vir meer inligting.

### Betaalde advertensies in hierdie nuusbriëf

Die koste van advertensies is **R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal. Meer besonderhede oor advertensies kan aangevra word van [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za).

### Gebed vir die week

My Vader,  
dankie dat U die Almagtige God is  
wat die ganse wêreld in stand hou  
en steeds my hart in u hande koester.  
Vandag erken ek nederig  
my behoefte aan u leiding.  
O, hoe smag ek na u teenwoordigheid!  
Sonder u lig bo my,  
is die pad dof en onduidelik.  
Sonder u stem om my treë te rig,  
is die reis verwarrend en somber.  
Wys my die bewegings wat aan u wil sal voldoen.  
Maak vir my u meesterplan bekend, soos net U kan doen.  
Ek sal my verheug in u heerlijkheid.  
Amen.

RACHEL WOJO  
[pinterest.com / rachelwojo.com](https://pinterest.com/rachelwojo.com)

(Afrikaanse verwerking: Tessa Oppermann)